

Jesus het ter wille van ons die kruis opgeneem.

Al was dit Romeinse soldate wat Jesus uitgelei het om gekruisig te word, het hulle maar net gedoen wat Jesus gesê het dat hulle sou doen.

Hulle het Hom "*uitgelei om gekruisig te word*" (Mark 15:20). Jesus was nie 'n slagoffer van hulle onregverdigheid en wreedheid nie, maar Hy het gekies om die weg van smarte vir ons te loop.

Jesus het geweet dit is die wil van God vir Hom, waardeur Hy sy Messiaanse bestemming sou bereik. Jesus het gekies om te ly en te sterf sodat die profesie van Jesaja oor die lydende Kneg van die Here sou waar word. Dit is Hy wat "*verag en deur die mense verstoot was, 'n man van lyding wat pyn geken het, iemand vir wie die mense die gesig wegdraai. Hy was verag, ons het hom nie gereken nie.*" (Jes. 53:3) As Dienskneg van God, het Jesus dit alles vir ons gedoen.

Ons lewens word verander wanneer ons in geloof aanvaar dat Jesus "*óns lyding op Hom geneem en óns siektes gedra het. Maar ons het Hom beskou as een wat gestraf word, wat deur God geslaan en gepynig word. Oor óns oortredings is Hy deurboor, oor óns sondes is Hy verbrysel; die straf wat vir ons vrede moes bring, was op Hom, deur sý wonde het daar vir ons genesing gekom.*" (Jesaja 53:4-5).

Die Here Jesus het die kruis gekies omdat Hy ons as sy eiendom verkies het. Die mense wat Hom na Golgota gelei het, het maar net gedoen wat God besluit het en wat die Here Jesus vrylik, uit genade gekies het om vir ons te doen. Hoe kan ons Hom ooit genoeg dank vir die duur prys wat Hy gekies het om te betaal? Omdat Hy die kruis opgeneem het, kan ek ten volle lewe. Omdat Jesus na sy sterfplek gelei is, kan ek vir ewig lewe. Omdat Hy my sonde gedra het, kan ek vergifnis smaak.

Hoe goed is U nie vir my nie, my Here en my Verlosser.